

Neuman Drakensbergers

www.neumandrakensbergers.co.za

rodney@neumandrakensbergers.co.za

Uitgawe 4 Junie 2011

- **Inligtingsdag**

19 Julie 2011

10h30

- **Bulveiling**

4 Augustus 2011

11h00

- **Ramveiling**

4 Augustus 2011

14h00

Neuman News

The 2010 – 2011 season was indeed a season which in our area will be remembered for all the rain and floods. From October to end of January we recorded 800mm of rain. As I am writing this letter it is hot and dry outside and we can do with a good downpour.

My Motto

In breeding beef is the following: **WORK WITH NATURE, NOT AGAINST NATURE.** Through proper management and genetics, very few outside inputs are required.

I am proud to announce that the Drakensberger society awarded 12 of our cows with performance awards. The criteria for these awards are mainly based on reproduction. Reproduction is the basis of our production chain and is the single aspect that has the biggest influence on the profitability of a beef cattle operation. Our stud's latest inter calving period is 368 days. This is mainly achieved by good management, good admin and selecting animals that perform **on the veld** .

We received the following info from a feedlot that bought some of our weaners:

3768 bought from us over 2 seasons had an ADG (average daily gain) of 1.59kg. The mortality rate was 0.1%. This feedlot I do believe is the biggest feedlot in Africa and because they were so satisfied with the performance of Neuman Drakensberger, they are endorsing Neuman genetics.

On the feedlot note it brings me to the following point. During feedlot projects done by the Memel and Volksrust farmers unions where 34 farmers with different breeds took part in a feed evaluation. In both tests the purebred Drakensberger came first and I want to congratulate Mr Annes Brits and Dr Andre Moolman with their achievements.

Rodney Neuman

082 746 8142

*A good example of a hardy 2½ year old veldbul's broad back - **HN0732** was sold on our 2010 sale to Hannes Lombard.*

2010 Sale

Last year sale was well attended and besides my regular customers the following first time buyers attended my sale:

LD Wessels, Eden Trust, Westend Landgoed, JP Rautenbach, Plumcon, MG Beneke, H & CJRautenbach,PJ Smith, PA van Niekerk, Alan Drakensberger, AG van Zuydam.

Congratulations with your purchases, hope we will have a long and lasting relationship. My success will only be measured by your being satisfied with the Neuman genetics you have acquired. To my existing customers, thank you for your loyal support.

This year's production sale will be on the 4th of August where we will be selling 180 females and 50 bulls. Our info day is on the 19th July 2011. I am using this opportunity to invite you to both of these events.

From the past 16 April 1974 Hymie Neuman (my father) bought 6 cows from Christoffel Buys. 36 years later Neuman Brothers bought the highest price bull on Vrede sale from the same family. **That's what I call consistency!**

Resultate - Veldbultoets

Die opgesomde resultate van die 2010/11 toets is opgesom in Tabel 1

Eienskap	2009 / 2010		2010 / 2011	
	Frelon	Hymgert	Frelon	Hymgert
Kondisie telling	4.66	4.48	5.19	5.04
Bespiering	5.28	5.47	5.58	5.77
Temperament	1.36	1.55	1.39	1.43
Hare	1.75	1.81	1.63	1.94
GDT	559	539	690	767
Skrotum	33.8	32.0	36.1	35.3
VVO	15.67	16.44	11.97	9.22

Tabel 1

Wat is die verskil tussen die 2009/10 en die 2010/11 toets? Al die bulle wat in 2010/11 ge-evalueer is se vaars is veldbulle. Die verskil in kondisie groei en veldvoeromset blyk duidelik uit Tabel 1.

Nageslag van HN 0556 - die foto is op die Cronje's se plaas geneem.

Fase C vs Veldtoetse

Onthou :
Frelon en Hymgert bulle wat op die veld getoets is, sal meer koeie dek, langer lewe en is bekostigbaar!

Daar is die afgelope tyd geweldig baie geskryf oor die voordele van intensief getoetste bulle en die vraag word gereeld gevra hoekom Frelon en Hymgert stoet nie deelneem nie. Die antwoord is baie eenvoudig : Tom Lasater, bekende beesteler van die VSA, het dekades gelede reeds gesê : **"Livestock should be bred, born, raised, performance tested and sold under the conditions they will produce".** Die twee belangrikste nadele van intensiewe toetse is dat bulle aan groot hoeveelhede kragvoer blootgestel word op 'n vroeë ouderdom wat tot gevolg het dat hul grootpens nie ten volle ontwikkel nie en dat vet neergelê word in die nek van die skrotum met gevolglike vrugbaarheidsprobleme. Laasgenoemde navorsing is deur navorsers in Kanada en Suid Afrika gedoen.

Die nuutste inligting toon ook dat bulle wat op die veld getoets is se nageslag in die voerkraal goed presteer. Twee voorbeelde :

Mnr Carel Nel, die President van SA Stamboek, het die bul HN 0235 van ons gekoop in 2008.

1. 'n Seun van hierdie bul (CL 0954) het 'n "Goue meriete " toekenning gekry in Fase C. Sy prestasie was : VOV = 5.02 GDT = 1895 Speenindeks =118

2. Ons kalwers (almal veldbulle se nageslag) is gesog by voerkrale. Vanaf April 2008 tot Maart 2010 het ons bykans 4 000 speenkalwers aan 'n bekende voerkraal verkoop wat 'n gemiddelde GDT van 1.59 en die verliese aan siektes was aansienlik laer as die voerkraal se gemiddeld.

Ouderdom van paring

In die vorige Nuusbrief het ons 'n standpunt gestel oor ouderdom van paring. Die meeste terugvoering wat ingekom het, het beklemtoon dat dit 'n groot probleem vir baie telers is. Uit 'n suiwer genetiese oogpunt is dit seker beter om op 12-14 maande te paar, maar onder praktiese boerderyomstandighede behaal ons goeie resultate met 24 maande paring. Die feit dat beide Hymgert en Frelon stoete soveel preferente koeie het, is 'n bewys dat die vrugbaarheid van beide kuddes bo verdenking is.

Fig 2. Verse van Frelon Stoet op 18 maande

'n Voorsmakie...

F 0886

Lot 31: Die meeste ou stoettelers sal seker die bul onthou wat ek in 1981 vir die SA rekordprys van R12 000 gekoop het. Die bul se nommer was F7920. Hy en F 0886 is uit dieselfde Uintjie koeilyn. Uintjie was 'n Elite koei van wyle Pieter Botha. Sy was een van die hoekstene van die Frelon stoet. F 0886 se moeder F U 9972 is nou nog in my kudde. Sy is 'n eienskapvoorloper in die ras vir geboortegewig, Speendirek (+5,7 kg) speenmaternaal (+19,2 kg) 18 maande (23.3 kg) en volwasse (+33 kg) Al haar kalwers wat voor keuring kom, word gekeur. Haar bulkalf F 0623 is verkoop aan Gert du Preez (Standerton). Die Bul F 0886 het baie goed gedoen tydens die veldtoets met 'n ekonomiese index van 114. Sy teelwaardes is in die boonste 10 % van die ras. Sy vader is gekoop deur Johan Botha (Standerton).

HN 07112

Lot 3: is 'n 4 jaar oud bul wat ek vir 2 dekseisoene al in my stoet gebruik het. Vir my is die bul die ideale grootte. Sy broer HN 06130 loop by AB Herbst (Koppies). Ek het vanjaar reeds 28 kalwers van hom gespeen en verwag nog 'n 30 kalwers in September. Hy is uit die BB koeilyn. Sy moeder HN 98118 is nou nog in my besit. Sy het 'n TKP van 362 dae oor 9 kalfseisoene. Haar reproduksie indeks is 104.

HN 0808

Lot 10: Ek het hom self in my stoet gebruik. Hy is 'n seun van 0303 wat gekoop is deur Klaas Venter (Grootvlei). Jannie Jacobs en Jimmy Roos het elk 'n saadaandeel gekoop. Net soos sy pa, is die bul breed en bespierd oor sy rug. Die rugspiere van 'n bul is 'n baie betroubare verwysings punt vir algehele bespiering.

Ons sien egter nog baie Drakensbergers wat nog te plat, rankerig en min bespiering het. Vir hulle is paring met so 'n bul die regte teelbeleid. Aan moederskant is hy uit die AM koeilyn. Sy moeder HN 9814 het uitstekende teelwaardes van +4,3 kg op speendirek, +6.3 kg op jaargewig en + 26.3 kg op 18 maande. Sy is 'n pragtige koei wat al 9 kalwers gehad het.

Onthou, 'n bul teel verse wat soos sy ma lyk!

F 0838

Lot 4: Breedte en diepte straal uit hierdie bul . Let op na sy breë bek, goeie kruis, stertaanhegting en pragtige toplyn. Hierdie dik bul is 5 % ingeteel. Hy behoort sy goeie vleiseienskappe oor te dra na sy nageslag. Hy het besonders goed presteer in die veldtoets. 122 (GDT) 113 (KT) 114 (bespiering) en 'n ekonomiese index van 122. Die bul het 'n baie goeie temperament, wat in my oë 'n groot pluspunt is. Sy speen- en 12 maande indeks is onderskeidelik 106 en 106.

F 08129

Lot 8: This strong and well balanced bull is out of the Pamela cowline. He is a son of HN 0235 who was bought by Carel Nel and Fanie van Dyk from Brandtfort. His mother F 0032 will be seen on my information day, the 19th of July 2011. She is a exceptionally good cow. 100% of her progeny has been accepted into stud. F 08129 is a bull that scored 122 index for ADG during the veldtest. He can really turn grass into meat at a rapid rate. A careful look at this bull will reveal his very good topline, smooth coat and his good walking ability. Progeny from this cow family was sold to Klaas Venter (Grootvlei) A B Herbst (Koppies) and Andries van der Westhuizen (Harrismith).

HN 08159

Lot 11: Die bul is uit die AF koeilyn. Julle sal sien dat HN 0765 ook uit dieselfde lyn is. Sy moeder HN0187 se teelwaardes is van die beste in die land. AF 0187 is deur die Drakensberger genootskap genomineer as 'n Preferente A koei. 100% van haar kalwers wat voor keuring kom word gekeur. Haar TKP staan op 367 dae na 7 kalwers. Sy het nog nooit 'n jaar oorgeslaan nie. Haar bulkalf HN 0559 is op my 2009 veiling verkoop teen 'n baie goeie prys aan Klaas Venter van Grootvlei. AF 08159 het goed presteer in my veldtoets met 'n ekonomiese indeks van 105. Tesame met sy goeie Blupteelwaarde van +7,4 kg (speen) +29,4kg (12 maande) en +33,2 kg (18 maande) is hierdie verseker 'n stoetbul wat in enige kudde hetsy stoet of kommersieel, 'n positiewe bydrae sal lewer.

F 0837

Lot 7: Hierdie indrukwekkende 3 jaar oud bul is 'n seun van F 0422, uit die bekende Christa koeilyn. Sy moeder, F 05107, is nog in my kudde. Sy is 'n eienskapvoorloper op al haar teelwaardes. Sy ouma, F 9960, is een van my beste produserende koeie. Sy het 'n preferentskap A toekening ontvang vanaf die LNR. Die voortreflike koei het 'n TKP van 389 dae oor 9 kalwers. Haar teelwaardes is in die boonste 10% van die ras. F 0837 se eie teelwaardes reflekteer sy genetiese vermoë om diere te kan teel wat swaar op speenouderdom sal weeg. Hy is 3 % ingeteel wat vir my beteken dat hy goeie erfdwang gaan hê. Sy kalwers behoort uit te staan en duidelik herkenbaar te wees. Tydens die veldtoets het hy ook uitstekend gepresteer met 118 indeks op kondisie, 114 bespiering en 113 ekonomiese indeks. Nageslag van die Christa lyn loop by Francois Dreyer (Harrismith) en by Sean Kramer (Vrede).

Met F 0837 se ideale bouvorm en goeie teelwaardes is hy beslis een van my gunsteling bulle op die veiling.

Vroulike diere op die veiling

Die vroulike diere op die veiling is almal deur ons self geteel. Alle diere is afkomstig uit stoetbulle. Die dragtighede is gedoen deur Dr Pieter Myburgh (Vrede).

Die aanbod vroulike diere bestaan uit:

100 Dragtige Verse - die meeste van hierde verse kan opgeneem word in 'n stoet as Hulpstamboek A diere.

20 Verse met kalwers (die kalwers is 4 maande oud.

20 Dragtige koeie (Geen slyt)

35 SP Stoet koeie en kalwers (17 van hierdie diere is af van die boeke, maar kan weer heringestel word indien nodig)

Neuman Merino's - Sinoniem met Veldramme

Sedert die stigting van die Oos Vrystaat veldramklub in 1986 neem Neuman Merino's ononderbroke deel by hierdie Klub. Doelgerigte teling het tot gevolg gehad dat hierdie stoet reeds verskeie toekennings ontvang het. Benewens die aantal silwer meriete ramme en "Beste Ram" toekennings, het die stoet ook die afgelope drie jaar die toekenning as Beste Teler ontvang. Hierdie jaar het 87% van die ramme van Neuman Merino's die toets geslaag en is gekeur.

Die hoofdoel van Neuman Merino's is om in die eerste plek ramme te produseer om in ons kommersiële kuddes te gebruik. Al die verkoopsramme is ten minste eenmaal in ons kudde gebruik. Die klem by teling val veral op vrugbaarheid , bouvorm, groei en wol. Die afgelope drie jaar toets ons beide ons ramme en ooie op die veld onder toesig van Veldram SA. Dit is een van die min stoeterye waar baie klem geplaas word op aanpasbaarheid en word kondisiebepalings met elke weging gedoen. Al hierdie inligting sal in die katalogus beskikbaar wees met die dag van die veiling.

Die 40 ramme sal direk na die beeste opgeveil word.
Navrae:

Leonard Neuman
072 535 0197
leonardneuman@gmail.com

www.neumandrakensbergers.co.za

Inligtingsdag - 19 Julie 2011 - 10h30 - Hartebeesvlakte

Die Inligtingsdag word vanjaar gehou op 19 Julie op die plaas Hartebeesvlakte. Dit beloof om weereens 'n baie interessante en leersame dag te wees met sprekers soos Mnr Willie du Plessis, die hoof Lanbou-ekonoom van Standard Bank en Mnr Johan Mouton van Molatek - "Kan jy boer sonder lekke?"
Daarna sal die veilingsbulle bespreek en besigtig word. Ons rig 'n uitnodiging aan almal wat belangstel om die dag by te woon. Bring jou buurman of buurvrou saam!

Baie dankie aan ons borge -

Standard Bank - Vir ons as Neuman familie was dit nog altyd 'n voorreg om sedert 1914 met Standard Bank geassosieer te word.

Molatek - Meester 20 en Beesvet 33 is puik produkte en maak 'n integrale deel van die boerdery uit.

Karan Beef - Baie dankie vir die lojale ondersteuning.

Oornag verblyf in Vrede distrik -

De Oude Pastorie B&B
Me. Mientjie Geyser
Tel: 058 913 1081
Sel: 082 329 0239

Centre Court B&B
Denise
Tel: 058 913 1536
Sel: 082 923 5093

Glen B&B
Me. Marietjie Jordaan
Tel: 058 913 1950
Sel: 082 873 5389

Welgevonden B&B
Me. Estelle du Toit
Tel: 058 913 1624
Sel: 082 417 3087

Neuman Bros

Keen buyers of **Neuman** weaners
KARAN BEEF
Lojale kopers van **Neuman** speenkalwers

MOLATEK

SPG MARKETING